Kerngedagtes: Sessie 1: Die grootste onderwerp op aarde

- Sinonieme vir verhoudings: versoening, liefde, ’n Geesvervulde-lewe, om ‘Christ-like’ te wees;
- ’n Volwasse verhouding is waar ons aan ander (en God) meer as onsself dink, en dit word gekenmerk deur vergifnis, nederigheid, offervaardigheid. Die gif in ’n verhouding is ons trotsheid.
- Ons fokus dikwels op hoe ons lyk, ons ‘image’, hoe ons oorkom - maw eintlik wat ander mense v my dink! Eintlik moet ons fokus op ander.
- ’n Verhouding is so diep soos dit oop is, en mens is so sterk soos jy nederig is. Jesus was die voorbeeld!
- Die manier hoe mens verhoudings uitleef, kan ander meer óf minder van God laat hou.
- Ons moet met Jesus se oë en Jesus se hart na mense kyk: sagte oë en ’n hart wat liefde ‘lek’ soos Jesus s’n. Ons moet na mense kyk en soos Jesus ‘innig jammer’ vir hulle wees.
- Dit is maklik om reg te praat, maar baie moeiliker om reg te doen. En ons doen dikwels reg, maar reageer moeiliker reg as iemand iets aan ons doen. Net so is dit maklik om verhoudings te hê met iemand wat dieselfde dink as ek. As ons oor dinge verskil, is dit ’n uitdaging. Dalk moet ons dan eerstens liefde leef, voordat ons iets vir ‘uitgesels’.
- Elkeen van ons het iets wat ons moet prysgee twv verhoudings: meer geduld, minder sensitief, meer na onsself kyk deur Jesus se oë, meer tyd vir ander (luister!), meer konsekwent lewe bv by die werk wees soos ek by die huis is.